| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 50 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.
2. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
3. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
4. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)

   AFDELING B: Drama (35)

   AFDELING C: Kortverhale (35)

   [Doen TWEE kortverhale (Kies EEN uit 7.1 of 7.2 **EN** EEN uit 7.3 of 7.4) indien jy hierdie afdeling behandel het. Jy móét EEN kortverhaal van 18 punte en EEN kortverhaal van 17 punte doen.]

   AFDELING D: Gedigte (35)

   [Doen TWEE gedigte (Kies EEN uit 8.1 of 8.2 **EN** EEN uit 8.3 of 8.4) indien jy hierdie afdeling behandel het. Jy móét EEN gedig van 18 punte en EEN gedig van 17 punte doen.
5. Lees die inhoudsopgawe op **bladsy 3** en dui die vraagnommer van die TWEE letterkundetekste wat jy behandel het, aan.
6. Lees die vrae oor hierdie TWEE tekste wat jy behandel het en doen die volledige kontekstuele vraag.
7. Beantwoord die vrae uit TWEE afdelings wat jy behandel het.
8. Begin ELKE afdeling op ’n nuwe bladsy.
9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
10. Laat ’n reël oop na elke antwoord.
11. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 75 minute per afdeling/vraag.
12. **BELANGRIK! Dui asseblief die vrae wat gekies is op die buiteblad van die antwoordstel aan deur die vrae te omkring.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**
Beantwoord slegs EEN vraag.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| *1* | *Onderwêreld* | 35 | **5** |
| *2* | *Lien se lankstaanskoene* | 35 | **10** |
| *3* | *Die vlerke van naaldekokers* | 35 | **15** |
| *4* | *Skeur* | 35 | **19** |



**AFDELING B: DRAMA**
Beantwoord slegs EEN vraag.



| | | | |
|---|---|---|---|
| *5* | *Pad na jou hart* | 35 | **23** |
| *6* | *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | **28** |



**AFDELING C: KORTVERHALE**
Beantwoord TWEE vrae: 7.1 of 7.2 (17 punte) **EN** 7.3 of 7.4 (18 punte).
Jy móét EEN kortverhaal van 18 punte en EEN kortverhaal van 17 punte doen.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 7.1 | "Oom Dries se sorge met Jantjie" | 17 | **33** |
| | OF | | |
| 7.2 | "Kom ons stuur vir Tasu" | 17 | **35** |
| | **EN** | | |
| 7.3 | "Vegvlieënier Vivian" | 18 | **37** |
| | OF | | |
| 7.4 | "Die Droom" | 18 | **39** |



**AFDELING D: GEDIGTE**
Beantwoord TWEE gedigte. (8.1 OF 8.2 **EN** 8.3 OF 8.4).
Jy móét EEN gedig van 18 punte en EEN gedig van 17 punte doen.



| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1 | "pryslied' | 18 punte | **42** |
| | OF | | |
| 8.2 | "Eksamenlokaal" | 18 punte | **45** |
| | **EN** | | |
| 8.3 | "Die boodskapper" | 17 punte | **47** |
| | OF | | |
| 8.4 | "Krisis" | 17 punte | **49** |

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| **AFDELING** | **VRAAGNOMMER** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **MERK √** |
|---|---|---|---|
| A: Roman (Konteksvraag) | 1 – 4 | 1 | |
| **OF** | | | |
| B: Drama (Konteksvraag) | 5 – 6 | 1 | |
| **OF** | | | |
| C: Kortverhale (Konteksvraag) | 7.1 – 7.4 | 1 (2 kortverhale) (18 + 17) | |
| **OF** | | | |
| D: Gedigte (Konteksvraag) | 8.1 – 8.4 | 1 (2 gedigte) (18 + 17) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy slegs TWEE afdelings se vrae beantwoord het.

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1

***ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen***

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

**<10>Log File:**

**Toets vir idiote**</h10>

Dis die dag ná ek gesien het hoe Eckardt die reisagent se systems hack. En die eerste oggend dat Eckardt my kom wakker maak.

"Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos," sê hy toe hy aan die deur klop.

"Wat de hel?" vra ek deur die slaap.

"Never mind. Roer jou gat en staan op," antwoord hy.

Ek maak een oog oop, lig myself op my elmboë. Eckardt is in sy oefenklere. Sweet glim op sy lyf. "Is jy simpel? Het jy al gaan draf?" vra ek.

"Altyd. Enigste tyd om helder te dink, so vroeg in die môre. Toe, roer jou, dis byna tyd vir brekfis."

Die dag sleep om. Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor hul "betreurenswaardige dissipline". Meneer Andersen daag halfpad deur die vergadering op. Spioeneer op ons, asof ons dit nie weet nie.

"Wil Meneer nog iets byvoeg?" vra ek toe ek klaar my preek afgesteek het.

Hy skud sy kop en loop.

"Good show," sê Kwanele ...

***

Ek help hom om die bord weer teen die muur op te sit. Een van die duimspykers gly uit en 'n foto dwarrel grond toe. Ek tel dit op. Dit is van 'n man, vrou en twee kinders.

"Jou pa-hulle?" vra ek.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Andersen | Pienaar | Franse | Griekse |
| Ekko | Ekk-0 | G-Force | G-4ce |

Eckardt maak vir Greg wakker met 'n verwysing na die (1.1.1) ... mitologie. Die skoolhoof van Lawson Kollege is Dok (1.1.2) ... Eckardt se rekenaarnaam is (1.1.3) ... en Greg se rekenaarnaam is (1.1.4) ... (4)

1.2 Herlees reël 1 en 2.

1.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Hierdie hoofstuk speel in die (hede/verlede) af. (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)

1.2.3 Wat beteken die titel van hierdie hoofstuk? (Reël 2) (1)

1.2.4 Hoe gebruik die skrywer die hoofstuktitel om die spanning te verhoog? (1)

1.3 "Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos," (Reël 5 en 6)

1.3.1 Verduidelik van wie Zeus en Herakles in die onderwêreld simbolies is? Jy moet in jou antwoord na beide Zeus en Herakles verwys. (Slegs name is nie voldoende nie.) (2)

1.3.2 Watter beeldspraak kry ons in hierdie reëls? (1)

1.3.3 Wat beteken die beeldspraak (reël 5 en 6) in die konteks van wat hier gebeur? (2)

1.4 Hoekom, dink jy, is die naam van die eerste toets "Toets vir idiote"? (1)

1.5 "Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor hul "betreurenswaardige dissipline". (Reël 14 en 15)
Hoekom is dit ironies dat Greg met die VRL oor dissipline praat? (1)

1.6 Die familiefoto wys dat Eckardt perfek by Lawson Kollege inpas.
Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer.
"Dit is van 'n man, vrou en twee kinders." (Reël 21 en 22)

Volgens Eckardt is hierdie die foto van sy gesin. Eckardt sê sy ma werk as 'n …

A industrialis.
B onderwyseres.
C tegniese adviseur.
D Pilatus instruktrise. (1)

1.8 Dink jy Eckardt se rekenaarnaam sê iets van sy karakter? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

En ek ruik nou Eckardt se lyf, so naby staan hy aan my. 'n Sweetreuk soos dié van iemand wat dae lank nie gebad het nie. Die stank van sy asem. Ek lig my vuis op, plant ...

***

"En ek kon uitvind van jou rugbyvaardighede, wat die mense van die skool regtig van jou dink. Hel, ek het tot jou ma gebel en sy kon nie ophou praat oor jou nie."

Weer die woede wat in my rys. Dié keer stamp ek vir Eckardt van my weg.

"En toe ek by die skool aankom, het ek jou so goed geken soos jy jou broer geken het, Greg. Ek het geweet jy is iemand wat hou van leef op die edge. Mense wat goed doen soos bungee jump het daardie tipe persoonlikheid. Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking. En jy het daarvoor geval, leer hack. En ja, jy het my selfs begin sien as een van jou pelle. Een vir wie jy genoeg sou omgee om uiteindelik inligting van die polisie te weerhou. Jy wou mos self die clues wat ek vir jou gelos het, ontsyfer. En jy het uitgevind wat Dok aanvang in daardie maatskappy van hom. Net soos ek dit wou hê."

"Maar hoekom ek?" bars dit uit my uit. "Hoekom nie iemand soos Kwanele, TJ of Plank of …"

1.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Greg en Eckardt hou saam vakansie in Sandhurst.
- Koshuisbraai nadat die skool die rugbywedstryd gewen het.
- Nicole dreig om iets aan haarself te doen.
- Tydens die inisiasieritueel word Greg en Eckardt vriende. (4)

1.10 Lees weer die hele uittreksel.

1.10.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

1.10.2 Na wie verwys "my" in reël 1? (Naam en van) (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) neer.
"'n Sweetreuk soos dié van iemand wat dae lank nie gebad het nie" (Reël 1 en 2)

Die stylfiguur wat ons in hierdie reël kry, is ...

A 'n metafoor.
B polisindeton.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

1.12 Lees weer reël 1 tot 3.

1.12.1 Wie is die verteller in hierdie reëls? (1)

1.12.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die verteller in hierdie reëls is 'n (eerstepersoonsverteller/ derdepersoonsverteller). (1)

1.12.3 Watter voordeel én nadeel hou hierdie tipe verteller vir die leser in? (2)

1.13 Verskeie karakters speel 'n rol in Greg se lewe.
Kies die vriend/kennis van Greg in **KOLOM B** wat pas by die beskrywing in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | Onderhoofseun | A | Thomas Jean |
| 1.13.2 | Selfmoord gepleeg | B | Mark Gibbons |
| 1.13.3 | Skaakspeler | C | Kwanele Twala |
| 1.13.4 | Gebruik dwelms | D | John Owen |
| | | E | Alec Pienaar |

(4x1) (4)

1.14 Hoekom is Greg die ideale prooi vir Eckardt se *social engineering attack* (sosiale manipulering)? (1)

1.15 "Maar hoekom ek?" (Reël 16)
Hoekom het Eckardt wraak geneem? (1)

**TOTAAL VRAAG 1: [35]**

## VRAAG 2

## *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Lien haal haar voorskoot stadig af en hang dit aan ’n haak sonder om haar oë van tant Malie af te haal. Sy dink aan die lysie met kruideniersware wat in haar sak is. Sy dink aan die brug in Praag en die sonstrale op die Džuban-meer wat sy op die Internet gesien het. Sy en die tannie kyk mekaar nog vas in die oë.

“Ek kom nie weer terug nie,” sê sy uiteindelik sag. “Ek sal Tannie se geld bring wanneer ek dit het.”

Terwyl sy huis toe loop, onthou sy dat sy nog vir Braam ’n botteltjie ...

Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en sy moet geel van die werk af gekom het. Hoe dit werk, kon Lien nog nie uitgewerk kry nie. Haar ma moet iewers ná werk vir ’n ruk stop, maar waar? Sy sal tog nie by die werk ...

Sy skraap moed bymekaar om tannie Bets se pot terug te vat. Sy voel die slegste oor tannie Bets wat vir haar die werk ...

***

Die voordeurklokkie lui. Lien oorweeg dit om nie oop te maak nie. Sy onthou dan dis seker tannie Bets wat haar pot kom haal of weer iets te ete bring. Soos sy gereeld doen. Haar *charity case*.

Die vriendelike jong predikantjie staan vir haar en glimlag.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Akasia | Jakaranda | Garden of Evil | Deon |
| Malie’s Garden | Hein | Braam | Wouter |

Lien Jooste verhuis saam met haar ma en broer (2.1.1) ... Hulle gaan na ’n nuwe skool, Hoërskool (2.1.2) ... Op die eerste dag ontmoet Lien nog ’n nuwe leerling (2.1.3) ... wat haar vriend word. Toe Lien se ma haar werk verloor, kry Lien werk by tant Malie se koffiewinkel. Lien noem die winkel (2.1.4) ... (4)

2.2 “Lien haal haar voorskoot stadig af en hang dit aan ’n haak sonder om haar oë van tant Malie af te haal.” (Reël 1 en 2)

2.2.1 Kies die regte antwoord uit dié tussen hakies.
Die atmosfeer tussen tant Malie en Lien soos hierbo beskryf, is (gespanne/ontspanne). (1)

2.2.2 Hoekom is die atmosfeer só? (1)

2.2.3 Hoe verskil Lien en Agnes se reaksies op wat tant Malie gedoen het? Onthou om in jou antwoord na beide se reaksies te verwys. (2)

2.2.4 Dink jy Lien was reg toe sy besluit het om nie weer terug te gaan nie? Motiveer jou antwoord. (1)

2.3 Die titel van hierdie hoofstuk is “Lientjie Lieflik”.
Verduidelik waarna verwys hierdie titel. (1)

2.4 Kyk na die spasie tussen reël 7 en 8.

2.4.1 Wat noem ons die stylfiguur (hierdie spasie tussen die reëls)? (1)

2.4.2 Wat is die funksie daarvan in hierdie roman? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.5) neer.
“Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en ... “ (Reël 8)

Christien Jooste het ‘n drankprobleem ontwikkel. Sy het begin drink omdat …

A sy nie by Binnelandse Sake wou werk nie.
B haar man haar vir ’n ander vrou gelos het.
C haar man in die tronk was en dit was haar manier om dit te oorleef.
D sy nie in die woonstel kon aanpas nie en wou terugtrek na hulle ou huis. (1)

2.6 “... sy moet geel van die werk af gekom het.” (Reël 9)
Verduidelik die figuurlike betekenis van “geel”. (1)

2.7 “Haar *charity case*.” (Reël 16)

2.7.1 Noem ’n voorbeeld van die dinge wat tannie Bets vir die Jooste-gesin gedoen het. (1)

2.7.2 Dink jy dis regverdig van Lien om aan dit wat tannie Bets vir hulle doen te dink as ’n “charity case”?
Motiveer jou antwoord. (1)

2.8 Dink aan die hele leesstuk.
Dink jy Lien se ma is ’n goeie rolmodel vir ander ma’s en ook vir haar kinders? Motiveer jou antwoord. (1)

2.9 Waarom sou jy tóg met Lien se ma simpatie hê? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Sy klim voor die sentrum af om in die kleedkamer te gaan aantrek. Dit gaan binnekort reën. ’n Donderslag dawer bokant haar kop. Sy kan die naderende reën ruik.

Sy dink aan die pienk muur en aan die duur tuinmeubels waar ander mense nou naweke *relax*. Sy onthou die seun in die wit BMW. Sou hy in haar kamer slaap, of dalk in Braam s’n? Hare was beter. Dit het noord gefront. Braam s’n was groter, maar vrek koud in die winter.

Daar is gelukkig niemand in die kleedkamer nie. Sy bondel haar straatklere en die pruik bo-op haar opgerolde bedelbrief in die sak. Hoe meer gekreukeld, hoe beter; ...

***

Sy tel vinnig die dag se wins – R68. Dit was ’n goeie middag, al het sy nie lank gewerk nie. ’n *Killing* in die kleine. Mense begin haar nou al herken en gee sommer daarom, vermoed sy. Sy het ook nog geld van die vorige middag oor. Sy koop brood, ’n pakkie hoenderstukke, ’n sakkie tamaties, drie aartappels en tog maar ’n dosie eiers. Op die ingewing van die oomblik koop sy ook ’n klein botteltjie mayonnaise en ’n paar stukkies koue ham. Sy staan lank voor die lekkergoedrak. Sy kan nie môre werk nie. Die geld sal nog ’n dag moet hou. Sy stop nietemin twee groot Milo Bars in die mandjie.

2.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Lien help vir Braam om ‘n borgskap te kry.
- Lien se pa gaan tronk toe oor bedrog.
- Lien gaan werk in ‘n koffiewinkel om kos op die tafel te sit.
- Lien gee haar spaargeld vir Hein om vir Tibbey te probeer help. (4)

2.11 "Sy dink aan die pienk muur en aan die duur tuinmeubels waar ander mense nou naweke *relax*." (Reël 3 en 4)

2.11.1 Waar is Lien (ruimte) wanneer sy hieraan dink? (1)

2.11.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.11.2) en die antwoord neer.
Wanneer Lien hieraan dink, vul dit haar met (hartseer/vreugde). (1)

2.11.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.11.2. (1)

2.12 "Sy onthou die seun in die wit BMW." (Reël 4)
Waarvan is die BMW simbolies? (1)

2.13 "Hoe meer gekreukeld, hoe beter; ..." (Reël 8 en 9)
Hoekom, dink jy, was dit goed vir Lien dat haar klere gekreukeld was? (1)

2.14 Sekere plekke/ruimtes het 'n groot rol in Lien se lewe gespeel.
Kies die plek in **KOLOM B** wat by die inligting in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.14.1 | By hierdie plek het Lien 'n dubbele lewe gelei. | A | koffiewinkel |
| 2.14.2 | Hierdie plek het vir Lien groot hartseer gebring. | B | haarsalon |
| 2.14.3 | By hierdie plek het Lien net tydelik in iemand anders se plek gewerk. | C | robot |
| 2.14.4 | Hierdie plek het Lien gemotiveer om die regte beroep te kies. | D | tronk |
| | | E | skool |

(4x1) (4)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.15) neer.

Een van die temas in die roman wat baie duidelik in hierdie uittreksel na vore kom, is ...

A liefde.
B uitbuiting.
C alkoholisme.
D deursettingsvermoë. (1)

2.16 “Sy tel vinnig die dag se wins – R68.” (Reël 10)
Dink jy R68 is genoeg vir Lien? Motiveer jou antwoord. (1)

2.17 “Dit was ’n goeie middag, al het sy nie lank gewerk nie.” (Reël 10 en 11)
Waarom het Lien daardie middag nie lank gewerk nie? (1)

2.18 In hierdie roman sluit die titel en die inhoud bymekaar aan. Verduidelik hoe sluit die “lankstaanskoene” aan by die werk wat Lien in hierdie roman gedoen het. (1)

**TOTAAL VRAAG 2: [35]**

**VRAAG 3**

***DIE VLERKE VAN NAALDEKOKERS* – Cecilia Steyn**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

"KYLIE! KYLIE!" ROEP Ma in haar professionele, selfgeldende stem. Die een wat klein kindertjies agter hul ouers laat skuil en hospitaalpersoneel wat ledig is laat spat.

Hier in die boom waar ek wegkruip, kan ek nie die frons op haar voorkop sien nie, maar dit beteken nie dis nie daar nie. Toe ek nie antwoord nie, gaan die agterdeur met 'n slag toe. Ma se stem word uitgedoof deur die toe deur en die wind wat deur die bome fluit. Natuurlik sê sy nou vir Pa sy kry my nie. My nuwe helikopter-ouers.

In my broeksak vibreer my selfoon. Ek leun met my rug teen die stam en wriemel die foon uit my sak.

Wragtig Ma.

Waar is jy Kylie?

Die kos gaan koud word.

Ek stuur al heeldag boodskappe.

My bors voel of 'n olifant hom skielik daarop tuisgemaak het.

***

Ma stry nie, sy beskuldig my ook nie. Sy skep net vir my nog 'n aartappel in.

Nee! Wil ek vir haar skree. Is dit nie genoeg dat ek klaar 'n freak is nie? Wil sy my 'n vet freak maak? Asof die aartappel moet opmaak vir al die etes wat sy nie in die afgelope maande vir my gemaak het nie.

"Hoe was skool vandag? Jou eksamen?" vra sy. Die min gesprekke wat ons deesdae het, is afgewater tot besprekings oor mý dag.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ingrid | Mieke | Lieke | Louise |
| Johannesburg | Bloemfontein | 17 | 15 |

Kylie is 'n (3.1.1) ...-jarige meisie wat saam met haar ma, (3.1.2) ..., en pa, Walter, in (3.1.3) ... gebly het. Kylie en haar jonger suster, (3.1.4) ... was in 'n motorongeluk betrokke. (4)

© SACAI KOPIEREG

3.2 "KYLIE! KYLIE!" (Reël 1)

3.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Kylie is die (antagonis/protagonis) in die verhaal. (1)

3.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.2.1. (1)

3.3 "Die een wat klein kindertjies agter hul ouers laat skuil en hospitaalpersoneel wat ledig is laat spat." (Reël 1 en 2)
Watter afleiding kan jy uit hierdie reëls maak oor Kylie se ma se persoonlikheid? (1)

3.4 "... en die wind wat deur die bome fluit." (Reël 5 en 6)
Watter beeldspraak kry ons in hierdie reëls? (1)

3.5 "My nuwe helikopter-ouers." (Reël 6)

3.5.1 Verduidelik die figuurlike betekenis van "helikopter-ouers". (1)

3.5.2 Waarom, dink jy, tree Kylie se ouers só op? (1)

3.6 "Is dit nie genoeg dat ek klaar 'n freak is nie?" (Reël 15)

3.6.1 Waarom voel Kylie soos 'n "freak"? (1)

3.6.2 Watter bynaam het Kylie vir haar arm gegee? (1)

3.6.3 Hoe lank gelede het die motorongeluk plaasgevind? (1)

3.6.4 Waarom het Kylie se ma vir 'n maand na die motorongeluk steeds vir Kylie se sussie 'n plek aan tafel gedek? (1)

3.6.5 Verduidelik waarom is hierdie spesifieke aand 'n spesiale aand vir Kylie se ouers. (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.
Kylie se ma laat die sonnige geel huis (behalwe die dogters se kamers) spierwit verf.

Die sonnige geel mure (in hierdie roman) verteenwoordig ...

A 'n kleurvolle huis.
B ryk mense se huis.
C 'n huis waar die mense gelukkig is.
D 'n huis waar die ma baie goeie smaak het. (1)

3.8 Kylie sien gereeld 'n sielkundige, dokter Eksteen.
Waarom, dink jy, verkies Kylie dat haar pa haar met sy motorfiets na dokter Eksteen neem? (1)

**EN**

**TEKS F**

Lee maak keel skoon en hou vir my die Cadillac se deur oop. “Ek het gedink jy sal daarvan hou,” sê hy.

Toe Lee uit Kalkbaai ry, vra ek: “Maar ons het dan ’n stasie in Kalkbaai?”

“Hierdie is ‘n spesiale trein. Julle sal sien,” sê Lee.

In Kaapstad op die perron is daar baie mense wat ook vir die trein wag. Hulle lag en gesels. Toe kondig die hees geluid van metaal wat teen metaal skuur die aankomende trein aan. Die klank veroorsaak ’n trilling wat deur my voete opbeweeg en deur my lyf skiet. Die beweging maak plek vir afwagting.

“A, jy breek my hart, Lee,” sê Oupa toe die trein al nader kom.

“Ek het gedink dit sal opmaak ... vir nou die dag,” sê Lee en kyk na Oupa.

***

Die stoele is grys en op elke tafel is ’n stywe wit tafeldoek.

Die kelner trek my stoel vir my uit en ek knik ’n dankie.

Oupa bestel vir hom wyn en vir my ’n pienk peperkorrel-en-pomelo-virgin-Margarita.

“Het die manuskrip al ’n naam?” vra ek en vou my wit servet oop op my skoot. “Ek sien Oupa nie juis skryf nie.”

Oupa krap sy ken. Toe blaas hy ’n lang asem uit. “Daar is nie dié keer ’n nuwe manuskrip nie, Kylie. Daar gaan ook nie een wees nie,” sê hy.

“Het Oupa skrywersblok?”

3.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- In Graaff-Reinet besoek hulle (Oupa, Lee en Kylie) Oupa se grootwordhuis.
- Oupa en Lee vertrek uit Potchefstroom en reis na Bloemfontein.
- Kylie kry haar eerste soen.
- Kylie strooi haar sussie se as tydens ’n reksprong by Bloukransbrug. (4)

3.10 “Hierdie is ‘n spesiale trein. Julle sal sien,’ sê hy.” (Reël 4)

3.10.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
(Oupa/Kylie) het nog nooit trein gery nie. (1)

3.10.2 Wat was so spesiaal aan hierdie trein? (1)

3.10.3 Waarom, dink jy, het Lee besluit om hulle op hierdie treinrit te neem? (1)

3.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.11) neer.
Oupa is baie opgewonde en verduidelik alles rondom die trein aan Kylie en Lee. Hy verwys onder andere na die "salonne".

Wat is die salonne waarna Oupa verwys?

A Die kamertjies by die stasie waar die passassiers vir die trein wag.
B Kamertjies waar mense gaan om hulle naels en hare te versorg.
C Die treinwaens waarin die passassiers tydens die treinrit ry.
D Die treinwaens waar die trein se masjinerie gestoor word. (1)

3.12 "Toe kondig die hees geluid ..." (Reël 6)
Watter beeldspraak kry ons in die onderstreepte woord in hierdie reël? (1)

3.13 Lees weer reël 11 tot 19.

3.13.1 In watter ruimte speel hierdie gedeelte af? (1)
3.13.2 Waarom was dit belangrik om juis na so deftige plek toe te gaan? (1)

3.14 "'Daar gaan ook nie een wees nie', sê hy." (Reël 18)

3.14.1 Waarom is hierdie antwoord vir Kylie 'n skok? (1)
3.14.2 Wat is die titel van Du Preez Greyling se laaste roman? (1)
3.14.3 Wat impliseer hierdie antwoord van Oupa oor sy toekoms? (1)

3.15 Kylie onderneem 'n "road trip" saam met haar oupa en sy assistent, Lee.
Kylie doen verskeie dinge wat uiteindelik vir haar innerlike vrede gee.

Kies die plek in **KOLOM B** om by die inligting in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (3.15.1 tot 3.15.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.15.1 | Kylie ontdek haar sussie se *Leef jou lysie* | A | Nieu-Bethesda |
| 3.15.2 | Kylie-hulle slaap in 'n backpackers' lodge | B | Maynardville |
| 3.15.3 | Kylie-hulle besoek Helen Martins se huis en fantasietuin | C | Jeffreysbaai |
| 3.15.4 | Kylie-hulle kyk na 'n opvoering van *Hamlet* | D | Potchefstroom |
| | | E | Bloemfontein |

(4x1) (4)

**TOTAAL VRAAG 3: [35]**

**VRAAG 4**

***SKEUR* – Carel van Rooyen**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Hy het my in die middel van die klas gesit omdat hy van my hou. Van daar af kon ek hoor wat almal sê.

"Dit kan tog nie dáároor wees nie?" Elet.

"Waaroor dan? Jy't gehoor wat Coetzee gesê het." Carmi.

"What are you going to do?" Ukusinda.

"Hoor hier, wat van vliegtuie?" Bernice.

"Waar gaan dit land, stupid?" Gerrit.

"Dis so unfair. My verjaarsdag is volgende Maandag." Narissa.

Ek het gevoel soos 'n joernalis wat alles inneem wat gesê word, maar nie haar eie opinie kan gee nie. Of miskien was dit nie dat ek nie iets kon sê nie, maar dat ek nie iets gehad het om te sê nie. Ek kan nie praat oor iets as ek nie die waarheid daaroor weet nie. En ek het nie …

***

Dit was Maandag. Nou is dit al Woensdag. Drie dae. Vyf-en-sestig uur.

Ek kyk op my selfoon. Daar's 'n boodskap van Ma.

Sal jy na skool vir Bibi kry, Maria? Asseblief.

Reg so. Sien later.

Ek het altyd saam met Bibi huis toe gestap, maar sy is nou al in graad 7.

Die skool is leeg. Klomp kinders het nie vandag gekom nie.

Nie een van die onderwysers het iets daaroor gesê nie, asof dit werkliker gaan word as hulle daaroor praat.

Sonder soveel kinders is die skool gewond, dit is besig om dood te bloei.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Coetzee | Voster | Invading Eden | Nightshifts |
| Maandag | Woensdag | Covid | kanker |

Maria en die mense in haar wêreld moet sin maak van die naderende (4.1.1) ... Hulle ervaar die eerste vroeë aardbewing (4.1.2) ...oggend. Maria se vertroueling by die skool is meneer (4.1.3) ... nadat haar pa dood is aan (4.1.4) ... (4)

4.2 Dink aan die hele uittreksel.

4.2.1 Kies die regte antwoord uit dié tussen hakies.
In die roman *Skeur* is die tydsverloop (chronologies/ achronologies). (1)

4.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.2.1. (1)

4.2.3 Hoe lank is die vertelde tyd in die roman? (1)

4.3 Wat is die naam van die skool wat die verteller bywoon? (1)

4.4 ”Dit kan tog nie dáároor wees nie?” Elet.
“Waaroor dan? Jy’t gehoor wat Coetzee gesê het.” Carmi. (Reël 3 en 4)
Wat was meneer Coetzee se boodskap oor die interkom? Noem TWEE dinge wat hy gesê het. (2)

4.5 Lees weer reëls 3 tot 6.
Op watter maniere word die karakters se persoonlikhede uitgebeeld deur die karakters se opmerkings? (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.
“Dit was Maandag. Nou is dit al Woensdag.” (Reël 13)

Hoe sou jy die atmosfeer by die skool beskryf?

A vrolik
B hartseer
C gespanne
D aangenaam (1)

4.7 “Skeur” (Titel)
Die titel van hierdie roman het ’n denotatiewe en ’n konnotatiewe betekenis. Verduidelik die dubbele betekenis van die titel deur na die letterlike en figuurlike betekenis te verwys. (2)

© SACAI KOPIEREG 

4.8 “Sonder soveel kinders is die skool gewond, dit is besig om dood te bloei.” (Reël 21)

4.8.1 Watter beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

4.8.2 Wat beteken dit in die konteks van wat hier gebeur? (1)

4.8.3 Waarom is daar soveel kinders afwesig? (1)

4.9 Hoe slaag die skrywer daarin om spanning in hierdie uittreksel te verhoog? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Dis ’n aaklige geluid. Ek wens ek het die oorpluisies gebring.

Daar’s vlamme; eers net ’n paar, en toe meer en meer tot die hele hoop brand.

Luan kyk daarna, en hy lyk nie hartseer nie. Selfs verlig. Asof hy altyd geweet het dit sou een of ander tyd gebeur.

“Moenie soveel emosie wys nie,” sê Elsa deur haar vingers. Sy lê naby aan ons.

Hy haal sy skouers op; dit lyk onnatuurlik omdat hy lê.

“Wat van die bome?” vra ek. “Gaan dit nie die bos laat brand nie?”

“Ek’s lus vir gebraaide marshmallows.” Dis weer Elsa, wat na die vlamme kyk. “Ek wens ons het marshmallows gehad.”

Sy begin hoes, asof sy verstik.

“Hou jou mond toe,” sê ek deur die materiaal van my hemp.

Narissa staan op.

“Hou vas!” skree Trevor vir haar, maar daar’s niks om aan vas te hou nie.

Ons kyk hoe sy val.

Sy vryf oor haar elmboog, buig haar arm snaaks om te kyk of dit bloei.

Toe kruip sy na ons toe.

Haar hemp is bruin van die stof. Wit was nie ’n goeie keuse nie.

“Waar’s Evert?”

Ek word koud. Waar is Evert? Hy moes al terug gewees het.

“Ek is seker hy is okay,” ...

***

Uiteindelik is ek onder in die gat van die rivier wat my naam geroep het, uiteindelik weet ek hoe diep dit is.

4.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Luan het 'n bier in die een hand en 'n rewolwer in die ander hand.
- Maria besoek Evert se ma.
- Gerrit val vir Evert aan.
- Maria en haar vriende eet pizza en deel geheime met mekaar. (4)

4.11 Lees weer reëls 1 tot 4.

4.11.1 In watter ruimte speel hierdie gedeelte af? (1)

4.11.2 Waarna verwys "daarna" in reël 3? (1)

4.12 "Ek's lus vir gebraaide marshmallows." (Reël 8)

4.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Elsa se woorde in reël 8 is (ironies/komies). (1)

4.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.1. (1)

4.13 "Waar's Evert?" (Reël 18)

4.13.1 Waarom het Evert geloop? (1)

4.13.2 Wat het met Evert gebeur dat hy nie kon terugkom nie? (1)

4.13.3 Wat het Evert vir Maria gevra om te doen nadat die vriende hom gekry het? (1)

4.14 Maria onthou teen die einde hoe elkeen van die vriende vir Evert probeer help het.
Kies die vriend van Evert in **KOLOM B** wat pas by die hulp wat hy/sy verleen het in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.14.1 tot 4.14.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 4.14.1 | Bring die saag | A | Narissa |
| 4.14.2 | Gee vir Evert 'n trui | B | Gerrit |
| 4.14.3 | Bel die ambulans | C | Elsa |
| 4.14.4 | Maak 'n vuur | D | Luan |
| | | E | Nadia |

(4X1) (4)

4.15 "Uiteindelik is ek onder in die gat van die rivier wat my naam geroep het, uiteindelik weet ek hoe diep dit is." (Reël 21 en 22)

4.15.1 Verduidelik die figuurlike betekenis van Maria se gedagtes in hierdie reëls. (1)

4.15.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Maria se gedagtes pas by die TEMA van (vriendskap/trauma) in hierdie roman. (1)

**TOTAAL VRAAG 4: [35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5**

***PAD NA JOU HART*** **–'N ROLPRENTDRAMA – Ivan Botha en Donnalee Roberts**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

292. BASSON *(klim versigtig uit die motor):* Tannie Magriet! Dis ek, Bas-...

293. MAGRIET *(laat sak die geweerloop):* Junior! *(Fluit met haar twee vingers in haar mond.)* Basie, Hendrik, kom kyk, dit is Junior!

*'n Ouer man, BASIE, en sy 25-jarige seun, HENDRIK, kom agter die huis van die skuur aangestap. 'n 18-jarige seun, PIETIE, volg hulle. Hulle is al drie in tweekleurige kakie-uitrustings. AMORY klim uit die motor met haar spekboom in haar hande.*

294. BASSON: Môre, Tannie!

295. MAGRIET *(bewoë)*: My kind! *(Plant 'n nat soen op BASSON se mond.)* Kyk net hoe lyk jy! *(Omhels vir BASSON.)*

***

*Almal kom sit aan tafel en luister na AMORY terwyl sy 'n storie vertel.*

343. AMORY: … en toe ons weer sien, slaan Basson se broek aan die brand!

*Almal lag vir AMORY se storie oor die gedoente by die Vanderkloof-dam.*

344. MAGRIET *(beduie na AMORY)*: Basie, laat die meisiekind jou nie baie aan Elaine dink nie?

*BASIE en BASSON kyk verwonderd na AMORY.*

345. BASIE *(instemmend)*: Ja, sy doen. Hoe sê hulle? Boheems.

346. MAGRIET *(beduie vir BASSON met haar kop)*: Het jy geweet dit is onder daardie groot boom agter die huis waar jou pa jou ma gevra het om te trou? *(Dink nostalgies terug.)* Ag, dit was 'n pragtige troue.

347. BASSON *(kyk af)*: Nee, Tannie.

348. BASIE *(verander die onderwerp)*: So, as jy betyds vir die begrafnis is, is die maatskappy joune?

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| motorongeluk | vliegtuigongeluk | 12 |
| 10 | Vecto Petroleum | Petro Petroleum |
| Basson Senior van Staden | | Basson Senior van Rensburg |

Basson Junior is die seun van (5.1.1) ... (naam en van) die hoofuitvoerende beampte van (5.1.2) ... Basson Junior was (5.1.3) ... toe sy ma in ’n (5.1.4) ... dood is. (4)

5.2 “*Pad na jou hart*” (Titel)
Die titel Pad na jou hart dui aan dat die rolprentdrama oor ‘n letterlike en ‘n figuurlike pad handel.

5.2.1 Wat is die letterlike pad in die rolprentdrama? (1)

5.2.2 Wat is die figuurlike pad in die rolprentdrama? (1)

5.3 Lees die hele uittreksel.

5.3.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

5.3.2 Wie is Basie? (1)

5.4 Verskeie karakters speel ’n rol in BASSON JR. se lewe.
Kies die korrekte antwoord. Pas die verwantskap met BASSON JR. in **KOLOM B** by die *naam* in **KOLOM** A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.4.1 tot 5.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.4.1 | André | A | Skooolvriend |
| 5.4.2 | Phillip | B | Prokureur |
| 5.4.3 | Hein | C | Neef |
| 5.4.4 | Hendrik | D | Broer |
| | | E | Amory se stiefpa |

(4x1) (4)

5.5 “BASSON *(klim versigtig uit die motor)”* (Reël 1)

5.5.1 Waarom is Basson “versigtig”? (1)

5.5.2 Hoekom, dink jy, tree tannie Magriet só op? (1)

© SACAI KOPIEREG

5.6 *"'n 18-jarige seun, PIETIE, volg hulle."* (Reël 5)
Magriet sê later vir Basson en Amory, Pietie is hulle eie Fiela-se-kind.

5.6.1 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6.1) neer.

Watter tipe beeldspraak gebruik tannie Magriet as sy Pietie beskryf?

A metafoor
B vergelyking
C personifikasie
D klanknabootsing (1)

5.6.2 Verduidelik die betekenis van tannie Magriet se beeldspraak. (1)

5.7 "AMORY: … en toe ons weer sien, slaan Basson se broek aan die brand!" (Reël 12)
Na watter voorval verwys Amory? (1)

5.8 "BASIE *(verander die onderwerp)*: So, as jy betyds vir die begrafnis is, is die maatskappy joune?" (Reël 22 en 23)
Van watter "begrafnis" praat BASIE? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

563. ANDRÉ *(neem die kontrak by BASSON)*: Baie geluk, ek hoop dit is alles wat jy verwag het. As hoof-uitvoerende beampte sal jy vinnig jou vrees vir vlieg moet oorkom, of Kaap toe trek en vir die Stormers begin skree. *(Lag.)*

*BASSON glimlag flou.*

564. ANDRÉ: Nou maar goed, dan sien ek jou binnekort vir die jaarvergadering.

*ANDRÉ draai weg om te loop; BASSON se woorde keer hom by die deur.*

*565.* BASSON: André, dankie vir alles wat jy vir my pa beteken het. Ek sien uit na ons vennootskap.

*ANDRÉ is geraak deur BASSON se opregtheid. Hy skud BASSON se hand.*

566. ANDRÉ: Hy sou trots gewees het op jou.

*ANDRÉ stap na die deur.*

567. ANDRÉ *(stop en praat met sy rug na BASSON)*: Basson, sy word vanmiddag om drie-uur geopereer.

*ANDRÉ loop by die deur uit. BASSON haal sy kompas uit sy broeksak en probeer dit oopmaak. Vir die eerste keer gaan dit oop en binne-in staan ...*

***

HOSPITAAL SE DAK: Dit is oomblikke later. AMORY bind die pakkie foto's aan die ballonne se linte. BASSON kom oor die dak gestap en sien vir AMORY, wat met haar rug na hom toe staan.

572. BASSON *(roep uitasem)*: Hoekom het jy my nie die waarheid vertel nie?

*AMORY draai om, geskok om hom te sien.*

573. AMORY *(soek na woorde)*: Ek het probeer.

574. BASSON *(stap nader):* Wel, nie hard genoeg nie.

5.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- BASSON JUNIOR besoek die Fraaiuitzicht Tehuis vir Bejaardes.
- BASSON JUNIOR besoek Thomas in die Clarens-omgewing.
- BASSON JUNIOR besoek die Maanligfees in Knysna.
- BASSON JUNIOR besoek die Oasis-karavaanpark in Murraysburg. (4)

5.10 "ANDRÉ *(neem die kontrak by BASSON) … "* (Reël 1)
Watter vereiste het BASSON se pa aan hom gestel voordat hy die besigheid kon kry? (1)

5.11 *"ANDRÉ is geraak deur BASSON se opregtheid."* (Reël 9)
Basson het baie verander van die begin van die drama af. Verduidelik die verandering deur na die begin en einde van die drama te verwys. (2)

5.12 "Basson, sy word vanmiddag om drie-uur geopereer." (Reël 12 en 13)
Waarom vertel André vir Basson van die operasie? (1)

5.13 "*BASSON haal sy kompas uit sy broeksak en probeer dit oopmaak. Vir die eerste keer gaan dit oop ..."* (Reël 14 en 15)
Verduidelik watter simboliese waarde die kompas kry wanneer Basson dit uiteindelik oopgemaak kry? (1)

5.14 "HOSPITAAL SE DAK." (Reël 16)

5.14.1 Wat wil Amory op die dak van die hospitaal gaan doen? (1)

5.14.2 Hoekom wil Amory dit doen? (1)

5.14.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(a) Amory was in die (Nuwe Hoop/Groote Schuur) hospitaal. (1)

(b) Amory moes 'n (nier-/hart-) operasie kry. (1)

5.15 "BASSON *(roep uitasem)*: Hoekom het jy my nie die waarheid vertel nie?" (Reël 19)
Watter "waarheid" het AMORY nie vir BASSON vertel nie? (1)

5.16 "AMORY *(soek na woorde)*" (Reël 21)
Verduidelik die figuurlike betekenis van die onderstreepte woorde in reël 21. (1)

5.17 In hierdie drama sluit die titel, inhoud en slot goed by mekaar aan.

5.17.1 Waaroor, dink jy, gaan die drama as jy net na die titel kyk? (1)

5.17.2 Het die drama positief vir Basson en Amory se verhouding geëindig? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL VRAAG 5: [35]**

## VRAAG 6

***FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

ELIAS: Jy vra nog? Hulle het my op ŉ haar na fyn getrap gehad. *(Verbitterd.)* Maar ek sal hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry! *(Op band.)* Ek het hulle dae lank ingewag. Het die boom so gekap dat as hulle daarteen aandruk, dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie dik, geelwit tande. Drie mooies het aangestap gekom, maar iets het hulle gekeer. Die volgende dag loop ek in hulle vas en met godsgenade het ek weggekom.

WILLEM: Moes Pa neergooi?

ELIAS: Die laaste ding. Die handbyl, die kortsaag, die osrieme, alles. Jy moet môre loop kyk of jy nie iets kry nie. Boggers.

BARTA: Wat van die kombers, Elias?

ELIAS: As die grootvoete jou skraap, kies jy nie wat jy wil los en wat jy wil hou nie, vrou!

BARTA: Dis net dat ons so kort van komberse is, Elias.

NINA *(kom binne):* Wat raas julle so? Daar sit die mooiste uil op die afdak en hy maak hoot-hoot-hoot in sy krop. Netnou vlieg hy weg.

***

BOSWAGTER: Van Rooyen?

ELIAS: Meneer, as meneer kom moeilikheid wegbring het, het meneer na die verkeerde man toe gekom. Ek is ŉ vernielde man, ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap. Kyk hoe lyk ek.

BOSWAGTER: Ek kom nie moeilikheid wegbring nie, ek bring net vir jou ŉ boodskap van die magistraat op Knysna af.

© SACAI KOPIEREG

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| identiteit | waardigheid | koninklikes | owerhede |
| magteloosheid | stereotipeer | bewustelikheid | |
| manipuleer | | | |

In *Fiela se kind – die drama* word verskeie temas en motiewe onderskei. Die tema is die kern van die werk en dus die mens se soeke na (6.1.1) ... 'n Verdere tema is die mens wat uitgelewer is aan die (6.1.2) ... en dan die mense se (6.1.3) ... teen hulle. Die mense (6.1.4) ... mekaar op grond van velkleur. (4)

6.2 "Jy vra nog? Hulle het my op 'n haar na fyn getrap gehad." (Reël 1)
Waarmee was Elias besig toe die grootvoete hom getrap het? (1)

6.3 "… dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie geelwit tande." (Reël 3 en 4)

6.3.1 Waarna verwys die dik, geelwit tande? (1)

6.3.2 Wat wou Elias met die tande doen? (1)

6.4 Barta is 'n tragiese figuur.
Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.5 "Daar sit die mooiste uil op die afdak en hy maak hoot-hoot-hoot in sy krop. Netnou vlieg hy weg." (Reël 14 en 15)

6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Nina se reaksie op die uil wat op die afdak sit (reël 15), is dat die uil (geluk/ongeluk) bring. (1)

6.5.2 Benoem die stylfiguur wat in hierdie reëls voorkom. (1)

6.6 Lees weer diie uittreksel
Noem TWEE karaktereienskappe van Elias wat hierdie teks van hom wys. (2)

6.7 "… ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap." (Reël 18 en 19)

6.7.1 Watter beeldspraak word in hierdie reëls gebruik? (1)

6.7.2 Verduidelik die betekenis van hierdie beeldspraak. (1)

6.8 "... ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af." (Reël 20 en 21)

6.8.1 Wat was die boodskap wat die Boswagter gebring het? (1)

6.8.2 Hoe het Elias op die boodskap van die Boswagter gereageer? (1)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.9) neer.

In watter ruimte speel die uittreksel af?

A Wolwekraal
B Die Lange Kloof
C Knysna (bos)
D Knysna (dorp) (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

BARTA: Elias ... Dink jy nie hy's moeg nie?

ELIAS: Is jy moeg, Lukas? *(Pouse.)* Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou? *(Lukas loop vinniger, Elias gryp hom aan die arm.)* Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trommel?

LUKAS: My goed.

BARTA: Ek dink hy's moeg, Elias.

*ELIAS sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en BARTA gaan sit.*

BARTA: Hoekom is die kind so sonder tong, Elias?

ELIAS: Hy's nog vreemd, hy sal regkom.

BARTA: Mooie kind, Elias.

ELIAS: Ja.

BARTA: Is hy nie 'n bietjie maer nie?

ELIAS: Aard na Nina. Kom, Lukas, kom sit hier by ons. *(LUKAS bly verder weg op sy hurke sit.)* Kom sit hier, Lukas.

BARTA: Los hom, Elias, hy's seker nog skaam.

ELIAS: Jy moet iets kom eet.

*LUKAS skud sy kop. Hy maak sy trommel oop en begin sy kos eet. Musiek. Ligte doof uit. Kom op in Boshuis. BARTA, ELIAS, WILLEM, NINA en TANT GERTJIE op verhoog. Kinders vat aan LUKAS en hy skop hulle.*

***

NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou nuk te kom. Van môre af gaat hy vir jou lekker kortvat.

LUKAS: Ek is nie julle kind nie.

NINA: Is, jy is.

LUKAS: My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.

6.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:
- Lukas kry nuus van Dawid se dood.
- Nina vertel/wys vir Lukas haar geheim.
- Die sensusopnemers besoek Fiela en haar gesin.
- Lukas ontmoet veldkornet Armstrong. (4)

6.11 "BARTA: Hoekom is die kind so sonder tong, Elias?" (Reël 8)
Wat is die figuurlike betekenis van Barta se woorde? (1)

6.12 "BARTA: Los hom, Elias." (Reël 15)
Waarom, dink jy, hou Barta aan dat Elias vir Benjamin moet uitlos? (1)

6.13 "ELIAS: Jy moet iets kom eet." (Reël 16)
Is Elias regtig so besorg oor Benjamin? Verduidelik. (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Benjamin en Nina het goed oor die weg gekom, want ...

A Nina het Benjamin jammer gekry.
B Benjamin was soos 'n broer vir Nina.
C Nina se twee broers het haar geïrriteer.
D Benjamin en Nina was albei buitestaanders in die Van Rooyen-gesin. (1)

6.15 'n Mens mag nie leuens in die hof vertel nie.

6.15.1 Watter leuen het Benjamin wel oor sy identiteit in die hof vertel? (1)

6.15.2 Watter onregverdigheid het in die hof gebeur wat veroorsaak het dat Benjamin se identiteit verander het? (1)

6.16 "LUKAS: Ek is nie julle kind nie." (Reël 22)

6.16.1 Wie se kind sê Benjamin is hy? (1)

6.16.2 Waarom kan 'n mens Benjamin wel vir hierdie leuen verskoon? (1)

6.17 Verskeie karakters speel ŉ rol in Benjamin se lewe.
Kies die korrekte antwoord. Pas die karakter in **KOLOM B** by die rol wat hy gespeel het in **KOLOM** A. Skryf slegs die vraagnommers (16.17.1 tot 6.17.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | ŉ Swak en passiewe figuur. | A | Fiela |
| 6.17.2 | Wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede onthou. | B | Barta |
| 6.17.3 | Het Barta voorgesê om die kind met die blou hempie te kies. | C | Magistraat |
| 6.17.4 | Die sterk een in die gesin wat die besluite neem. | D | Die lange |
| | | E | Die dikke |

(4X1) (4)

6.18 Bespreek die ironiese kontras wat uitgebeeld word in die twee ruimtes (Bos en Lange Kloof) en hulle inwoners. (2)

**TOTAAL VRAAG 6: [35]**

## TOTAAL AFDELING B: 35

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord TWEE kortverhale uit hierdie afdeling indien jy kortverhale behandel het.

## VRAAG 7

**SPIEËLBEELDE – saamgestel deur Linda Bredenkamp**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR TWEE VAN DIE KORTVERHALE.**

**Beantwoord** 7.1 OF 7.2 **(17 punte elk) EN** 7.3 OF 7.4 **(18 punte elk).** Jy móét EEN kortverhaal van 18 punte en EEN kortverhaal van 17 punte doen.

### 7.1 OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE – Felicia Goosen

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

"Vannag word ons lammers weer verskeur," sê oom Thysie en sit sy geweer moedeloos terug in die geweersak. Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop. Almal pak op om maar huis toe te gaan, net Groot Dawid staan nog rond.

Toe skielik brand hy sommer uit frustrasie los op 'n groot bobbejaanwyfie in die wildevyeboom. Dis eers toe hulle by die dooie bobbejaan kom, dat hulle die grys bondeltjie onder haar pens gewaar.

"Arme drommel," kopskud oom Dries en druk die trietsige vaal lyfie in die sak van sy dik baadjie.

"Wat besiel my om in hierdie bobbejaannes nog een aan die lewe te hou?" vra hy homself af.

En tog ... Die nou swart ogies, die deurskyn oortjies en die senuagtige pootjies het vreesagtig geklou-klou om te lewe.

***

Soos Jantjie grootword, groei die probleme. Getrou aan sy natuur vaar hy die boord in en saai verwoesting onder die ryp koejawels. Nie uit honger nie, nee, elke vrug kry net 'n bytmerk en word dan net so gelos of op die grond neergesmyt. Die ryp dadelpruime loop ook lekker deur. Hy gooi meesterlik teiken met die hoenders se eiers en uitgekuier met die plaaskatte, byt hy sommer 'n hele rits van hulle dood. Een oggend toe Abraham, een van sy plaaswerkers se kind, niksvermoedend op Jantjie se swaai skoppelmaai, storm Jantjie hom, ruk die ...

7.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 (a) tot 7.1.1 (d)) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Driefontein | Vierfontein | klimaks | Dries |
| Thys | eerstepersoons | derdepersoons | |
| motoriese moment | | | |

In hierdie moderne kortverhaal is daar 'n (a) …-verteller. Die redding van die klein bobbejaantjie is die (b) … van die verhaal. Die gebeure speel af op die plaas (c) …, oom (d) … se plaas. (4)

7.1.2 "… sit sy geweer moedeloos terug in die geweersak." (Reël 1 en 2) Waarom is oom Thysie moedeloos? (1)

7.1.3 "Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop." (Reël 2 en 3)

(a) Verduidelik die figuurlike betekenis van "paaie om hulle geloop". (1)

(b) Die woord "verhekste" is 'n voorbeeld van 'n (hiperbool/eufemisme). (1)

7.1.4 Die boere het daagliks bobbejane doodgeskiet.

(a) Haal EEN sin uit die leesstuk aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1.4 (a). (1)

7.1.5 Noem TWEE dinge waarmee die klein bobbejaantjie aanvanklik (in die begin van die verhaal) homself op die werf besig gehou het. (2)

7.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1.6) neer.

Die toon van hierdie kortverhaal is ...

A hartseer.
B opgewek.
C vertellend.
D humoristies. (1)

7.1.7 (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
"Dis eers toe hulle by die dooie bobbejaan kom, dat hulle die grys bondeltjie onder haar pens gewaar." (Reël 6 en 7)
Die uitdrukking "grys bondeltjie" is 'n (metafoor/onomatopee). (1)

(b) "… en die senuagtige pootjies het vreesagtig <u>geklou-klou</u> om te lewe." (Reël 12 en 13)
Benoem die stylfiguur in die onderstreepte deel.. (1)

7.1.8 Later in die verhaal het oom Thys vir Jantjie doodgeskiet. Albei die ooms het vir Jantjie bly sien selfs na oom Thys hom doodgeskiet het.
Waarom het albei ooms later weer na die gruisgat toe gegaan?
Jy moet in jou antwoord na oom Thys en oom Dries verwys. (2)

7.1.9 Een van die temas van die kortverhaal is hoe goeie dade soms slegte gevolge kan hê.
Op watter manier word die tema in die verhaal uitgedruk? (1)

**OF**

## 7.2 KOM ONS STUUR VIR TASU – Maretha Maartens

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

Skielik onthou Tasu van sy sewe-en-vyftig botteltjies vol tieroogklippe.

Nee, nee, dink hy dadelik. Ek gaan nie aan my botteltjies tieroë dink nie. Ek het te hard gewerk om hulle almal vol te kry. Sterkman het my gemóór, ek het my besimpeld gewerk, net om sy ou slypsteen te kon gebruik. Ek het gesweet en gebárs om daardie oë uit die klippe te haal.

Maar omdat hy so lief is vir sy vet, goeie ouma, sê sy mond die dinge wat sy hart nie wil sê nie:

***

"Gedra vir jou," sê Ma. "Moenie wilde goed aanvang nie."

"Ma moet eerder sê hy moenie sy babagesig opsit nie," sê Sterkman uit die bloute.

"My babagesig? Ek sit nooit 'n babagesig op nie!"

"Ha-ha," sê Sterkman. "Kyk maar vir jouself in die spieël. Jy's bang vir mense. Nes jy tussen mense vasgekeer raak, kry jy daardie babagesig."

*Sterkman praat die waarheid. Daar is niks wat 'n mens so benoud maak soos mense se skouers en asems en lywe teen jou en oor jou en langs jou nie.*

"Los my net uit," sê Tasu nukkerig.

Oom Jollyman druk die toeter en almal rondom hom begin groet en boodskappe afgee en lawaai.

Tasu klim in die taxi. Die bussie is reeds vol; dit word by die oomblik voller. Jy kry mense se reuke en voel hul skouers en heupe teen jou skuur.

7.2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.2.1 (a) tot 7.2.1 (d)) neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| dertien | vyftien | veertien | Perdeberg |
| Griekwastad | oom Pypies | Evelina | sy ma |

Tasu, 'n (a) ... jarige seun moet 'n alleenrit per taxi vanaf (b) … na sy siek ouma op (c) ... neem om vir haar medisyne te neem. Tasu versamel al die brandewynbotteltjies wat (d) ... agter die peperboom weggooi. (4)

7.2.2 Tasu se ma het gevoel dat hy die beste persoon is om die medisyne vir sy ouma te vat. Waarom kon Tasu se pa of broer nie die medisyne wegvat nie?
Jy moet in jou antwoord verwys na die redes waarom Tasu se pa en ook sy broer nie kon gaan nie. (2)

7.2.3 "... sê sy mond die dinge wat sy hart nie wil sê nie." (Reël 6 en 7)
(a) Watter stylfiguur kry ons in hierdie reëls? (1)
(b) Wat beteken dit binne die konteks van hierdie kortverhaal? (1)

7.2.4 "Ma moet eerder sê hy moenie sy babagesig opsit nie, sê Sterkman uit die bloute." (Reël 9 en 10)
Hoekom is hierdie woorde van Sterkman ironies? (1)

7.2.5 "Los my net uit," (Reël 17)
(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Uit wat Tasu in hierdie aanhaling sê, lei ons af dat Tasu (opgewonde/senuweeagtig) is. (1)
(b) Hoekom voel Tasu só? (1)

7.2.6 Verskeie simbole kom sterk na vore in hierdie kortverhaal.
Kies die korrekte antwoord. Pas die verduideliking in **KOLOM B** by die simbool in **KOLOM A**. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.2.6 (a) tot 7.2.6 (d)) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| (a) Ryp turksvye | A Tasu ontdek sy eie krag wanneer hy sy vrese oorkom. |
| (b) Tasu se skaduwee | B Tasu besef dat hy elke dag voluit moet lewe. |
| (c) Ouma se nat brief | C Tasu se vrese verander en hy besef dat hy 'n man is. |
| (d) Botteltjies met tieroë | D Ma se depressie. |
| | E Ouma kan nie in die nag slaap van al die pyn nie. |

(4x1) (4)

7.2.7 Tasu het bewys dat hy meer volwasse as al die ander kinders in die huis is.
Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2.8 Watter les, dink jy, het Tasu uit sy taxi-rit geleer? (1)

**EN**

## 7.3 VEGVLIEËNIER VIVIAN – Francois Geringer

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

*Terwyl sy die aansoekvorm, om tot die vliegskool toegelaat te word, onder haar arm vasknyp, laat sy uitgelate van haar hoor: "Dink net! Om so vry soos 'n voël hoog deur die lug te kan vlieg. Dit moet fantasties wees! Hoekom doen jy nie ook aansoek nie, dan kan ons saam deur die kursus gaan en ..."*

*"Stadig, stadig," val hy haar in die rede.*

***

"Ongelooflik!" skryn dit deur haar terwyl sy na haar asem snak. 'n Leë gevoel vul haar hele wese en haar hart gaan uit na haar spanmaat wat sy nooit weer gaan sien nie.

Tot haar eie verbasing ruk sy haarself reg en konsentreer onmiddellik toe sy haar eerste in bevel dringend hoor roep: "Waar is hulle? Luitenant Maile? Almal! Styg, styg!"

"Op vyfuur agter jou, kaptein, vyfhonderd bo jou!"

Sy som die situasie ook verder in 'n oogwenk op en skree die vyand se posisies ook uit ten opsigte van die ander vliegtuie. Sy slaak 'n sug van verligting toe sy sien hoe elkeen perfek reageer om aan dieselfde lot as dié van William te ontkom.

Die ystervoëls begin hul dans met die dood. Elke vegvlieënier weet dat een berekeningsfout die dood kan beteken. Vivian bly voortdurend berig en die verrassingsaanval verloor sy angel. Elke vegvlieënier haal elke greintjie kennis en ervaring uit om sy teenstander ore aan te sit.

7.3.1 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Vivian skiet haar eerste vyandige vliegtuig af.
- Die vlieëniers sit hulle suurstofmaskers op.
- Fisieke oefeninge op die hindernisbaan.
- Vivian word doelbewus deur die mans in die aantrekkamer geïgnoreer. (4)

7.3.2 Lees weer reël 1 tot 5.

(a) In watter ruimte speel hierdie deel van die uittreksel af? (1)

(b) Wie is die "hy" in reël 5? (1)

(c) Wat was die "hy" se reaksie op Vivian se opgewondenheid? Noem TWEE dinge. (2)

(d) Hierdie gedeelte is kursief gedruk. Watter funksie vervul die kursiewe teks in hierdie verhaal? (1)

7.3.3 Kies die vlieënier in **KOLOM B** wat pas by die gebeure in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.3.3 (a) tot 7.3.3 (d)) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| (a) | Eskaderleier | A | Vlieënier William |
| (b) | Rooikop Engelsman | B | Vlieënier Maile |
| (c) | Dood tydens die geveg | C | Vlieënier Sidney |
| (d) | Met valskerm grond toe | D | Vlieënier Rowan |
| | | E | Vlieënier Swart |

(4x1) (4)

7.3.4 "Die ystervoëls begin hul dans met die dood." (Reël 17)

(a) Watter vorm van beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

(b) Verduidelik die betekenis van die beeldspraak binne die konteks van hierdie kortverhaal. (1)

7.3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3.5) neer.

Watter tipe kortverhaal is Vegvlieënier Vivian? Hierdie is 'n ... verhaal.

A avontuur
B romantiese
C humoristiese
D geskiedkundige (1)

7.3.6 Die bevelvoerder voer 'n vlerksaluut uit. Wat is die simboliese betekenis van die vlerksaluut binne die konteks van hierdie kortverhaal? (1)

7.3.7 Wat, dink jy, is die belangrikste boodskap wat deur hierdie kortverhaal oorgedra word? (1)

**OF**

## 7.4 DIE DROOM – Pierrè Olivier

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

> … lewe vlieg so vinnig verby, daar is so baie wat hy nog wil doen en sien. Hy glimlag effens, dis ook ’n hele avontuur wat vir hom voorlê, hy hoop Julia se dogter hou so veel van hom soos sy seun van haar ma.
>
> "Ek sê jou dit word al duideliker, dit gebeur al meer," die meisie teen die venster se ernstige stem dring deur oom Jaap se gedagtes sodat hy onwillekeurig luister.
>
> "En ek sê dis bog, Rienie. Hoe op aarde kan jy jy wees en nog iemand anders ook? Kom by, ou *girlie*."
>
> "Jy kan maar spot, Jaco, maar ek droom hierdie drome van ’n plaas tussen wilde bome. Daar is beeste en ek loop op die werf rond en gee hoenders en eende kos. Ek woon daar by my pa en ma en ek het ’n broer, Bernard. Ons is ’n tweeling."
>
> "’n Mens kan enigiets droom." Jaco se stem is effens ongeduldig,
>
> ***
>
> ... dommel in, daar is iets wat hy wil sê, nee moet sê, maar die slaap oorrompel hom. Later ... later, maar hy moet onthou, dis be...lang...rik. Die meisie kyk uit oor die donker vlaktes waar die reën onverpoos neersuis.
>
> "En toe?" por Jaco.
>
> "Laasnag is ons toe op die bus en ek het hierdie gevoel van dreigende onheil." Sy kyk vlugtig in sy oë en toe weer weg.
>
> "Asof iets vreesliks gaan gebeur."

7.4.1 Dink aan die hele uittreksel.

(a) In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

(b) Wie is die "hy" in reël 2? (1)

7.4.2 "… lewe vlieg so vinnig verby …" (Reël 1)

(a) Watter beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

(b) Wat beteken dit binne die konteks van hierdie verhaal? (1)

7.4.3 “Hy glimlag effens, dis ook ’n hele avontuur wat vir hom voorlê …” (Reël 2)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die verteller in hierdie verhaal is ’n (eersterpersoonsverteller/derdepersoonsverteller). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.3 (a) deur EEN woord uit reël 2 aan te haal. (1)

(c) Wat is die voordeel van hierdie tipe verteller? (1)

(d) Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.
Die oom se vrou (in die kortverhaal) se naam is (Julia/Ansa). (1)

7.4.4 “En ek sê dis bog, Rienie.” (Reël 7)
Met hierdie woorde is dit duidelik dat Jaco nie vir Rienie geglo het nie.
Glo jy aan voorbodes? Verduidelik. (1)

7.4.5 Daar is nie regtig konflik in hierdie verhaal nie. Tóg beleef die ouer oom innerlike konflik.
Bespreek die innerlike konflik wat hy beleef voor hy aan die slaap geraak het en ook toe hy wakker geword het. (2)

7.4.6 Daar is ooreenkomste tussen Rienie se droom en dit wat vroeër jare in die oom se lewe gebeur het.
Bespreek TWEE ooreenkomste tussen Rienie se droom en die gebeure in die oom se lewe. (2)

7.4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4.7) neer.

Intrige word in die kortverhaal opgebou deur ...

A die oom wat nie seker is of Julia se dogter hom sal aanvaar nie.
B die verhaal wat met ’n oop slot eindig en die slot aan die leser oorlaat.
C die weersomstandighede wat daardie aand geheers het.
D die jongman wat laat is voordat die bus vertrek. (1)

7.4.8 “... dommel in, daar is iets wat hy wil sê, nee moet sê, maar die slaap oorrompel hom. Later ... later, maar hy moet onthou, dis be...lang...rik. (Reëls 14 tot 16)

(a) Haal EEN woord aan wat daarop dui dat die oom aan die slaap geraak het (1)

(b) “Later ... later, maar hy moet onthou, dis be...lang...rik. (Reël 15 en 16)
Wat is die funksie van die ellipse? (1)

7.4.9 Wat, dink jy, het met die jongmense op die bus gebeur nadat hulle deur vriende in ’n motor opgelaai is? (1)

7.4.10 As jy in Oom Jaap se skoene was, sou jy die meisie onmiddellik gewaarsku het of sou jy stilgebly het?

Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL VRAAG 7: [35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord TWEE gedigte uit hierdie afdeling indien jy gedigte behandel het.

### VRAAG 8

**VERSKUNS – vir Eerste Addisionele Taal Graad 12 – saamgestel deur Riens Vosloo**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR TWEE VAN DIE GEDIGTE.**

**Beantwoord** 8.1 OF 8.2 **(18 punte elk) EN** 7.3 OF 7.4 **(17 punte elk)** Jy moet EEN gedig van 18 punte en EEN gedig van 17 punte doen.

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**8.1 PRYSLIED – Antjie Krog**

**pryslied – Antjie Krog**

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
    uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

’n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe

die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
    van ’n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede
vrede, die ma van groot nasies

[Uit: Gedigte1989-1995. Human & Rousseau, 2005.]

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur ’n woord(e) uit die gedig te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1 (a) tot 8.1.1 (d)) neer.

In die pryslied word verwys na die (a) ... wat die Uniegebou in Pretoria is. Die Thembo-heerser, (b) ..., het as voog vir Mandela opgetree. Mandela het grootgeword in (c) ... Mandela was ook die eerste leier van die groep wat (d) ... gestig het. (4)

8.1.2 Lees die titel en strofe 1.
Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(a) “pryslied”(Titel)
Die titel dui daarop dat hierdie ’n (romantiese/liriese) gedig is. (1)

(b) Die spreker in hierdie gedig lys verskeie persoonlikheidseienskappe van Nelson Mandela.
Die eerbenaming wat vir Mandela gebruik word, is (sandkleurige/heelmaker). (1)

8.1.3 Lees weer reëls 1-3.
Hoe word afwagting in hierdie reëls geskep? (1)

8.1.4 “kop en skraal skouers staan hy bo almal uit” (Reël 4)

(a) Wat is die denotatiewe betekenis van hierdie versreël? (1)

(b) Wat is die konnotatiewe betekenis van hierdie versreël? (1)

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

8.1.5 Kies die aanhaling in **KOLOM B** wat by die begrip in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (8.1.5 (a) tot 8.1.5 (d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) karaktereienskap | A “houtskool en as is sy hare” (Reël 5) |
| (b) geslagsregister | B “die seun van Mandela” (Reël 12) |
| (c) vryheidsvegter | C “opspoorder van harte” (Reël 25) |
| (d) voorkoms | D “eerste ratelaar” (Reël 18) |
| | E “hy wat nie lag nie en nie huil nie” (Reël 17) |

(4x1) (4)

8.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.6) neer.

“<u>opspoorder</u> van harte” in reël 25, wek die beeld op van ...

A iets wat gevind móét word.
B iets wat nooit weg was nie.
C iets wat baie deurmekaar was.
D iets wat nooit gevind kan word nie. (1)

8.1.7 Lees weer reëls 22 tot 24.
Verduidelik wat die naam, “Rolihlahla” (reël 22), beteken EN wat die metafoor (reël 23 en 24) beteken.
Jy moet in jou antwoord na die betekenis van die naam en die betekenis van die metafoor verwys. (2)

8.1.8 In strofe 4 kom TWEE metafore voor wat die karakter van Nelson Mandela beskryf. Skryf die TWEE metafore neer en verduidelik die betekenis van elke metafoor. (2)

**OF**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## 8.2 EKSAMENLOKAAL – Suzaan Laing

**Eksamenlokaal – Suzaan Laing**

Haar skoene klik hard op die houtvloer
soos sy op en af stap
tussen rye tjoepstil banke

Nou en dan kraak die blaai van ‘n blad
die Septembereksamenlug.

hande bewe met rukke oor skoon wit velle
los ‘n inkwarboel agter.

Die horlosie tel twee ure af.

Sy stap stadig en oes die stelle een vir een
Blou op wit:
Ryp met gistermiddag se kennis.

[Uit: Poort. Via Afrika, 1986]

8.2.1 Voltooi die volgende paragraaf korrek deur ’n woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.2.1 (a) tot 8.2.1 (d)) neer.

In strofe 1 loop die (a) ... tussen die banke deur en kyk dat die leerders nie bymekaar (b) ... nie. Haar skoene maak ’n (c) ... geluid op die (d) ... terwyl sy op en af stap. (4)

8.2.2 Dink aan die hele gedig.

(a) In watter ruimte speel hierdie gedig af? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.2 (a) deur TWEE aspekte uit die gedig te noem. (2)

8.2.3 Lees weer strofe 1.
Daar is ’n duidelike kontras in hierdie strofe. Dui hierdie kontras aan deur na albei kante van die aksies te verwys. (2)

8.2.4 Kies die stylfiguur in **KOLOM B** wat by die aanhaling in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.4 (a) tot 8.2.4 (d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | "klik" (Reël 1) | A | Assonansie |
| (b) | "Haar sk**oe**ne klik hard op die houtvl**oe**r" (Reël 1) | B | Alliterasie |
| (c) | "tjoepstil banke" (Reël 3) | C | Metafoor |
| (d) | "Ryp met gistermiddag se kennis." (Reël 11) | D | Personifikasie |
| | | E | Klanknabootsing |

(4x1) (4)

8.2.5 Kies die korrekte woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.5) neer.

Na aanleiding van die woord "Septembereksamenlug" (Reël 5) kan die atmosfeer in die eksamenlokaal as ... beskryf word.

A vrolik
B gevaarlik
C opwindend
D hartseer (1)

8.2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"inkwarboel" (reël 7) kan 'n letterlike en figuurlike betekenis hê.

(a) (Letterlik/Figuurlik) verwys inkwarboel na die slordige handskrif van die leerders soos die doodkrap van woorde. (1)

(b) (Letterlik/Figuurlik) kan dit verwys na die leerder se gedagtes wat deurmekaar is en feite wat nie georden weergegee word nie. (1)

8.2.7 "Ryp met gistermiddag se kennis." (Reël 11)

Bespreek die ironie van "ryp" in hierdie versreël. (2)

**EN**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## 8.3 DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders

**Die boodskapper – Peter Snyders**

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa ’n knipoeg
van jou
na my?

Djy is so naby
soes die helderste ster
djy’s die spoed van ’n gedagte
weg van my

Ek los ’n boodskap by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

[Uit: Tekens van die tye. Protea Boekhuis, 2012]

8.3.1 “Die boodskapper”(titel)

(a) Wie is die boodskapper na wie daar in die titel verwys word? (1)

(b) Hoe weet jy die titel verwys na ’n spesifieke boodskapper? (1)

(c) Watter boodskap moet die boodskapper oordra? (1)

8.3.2 Kies die korrekte woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.3.2) neer.

Die aandster se lus vir pret en plesier word bewys deur die woord ...

A speels.
B vonkel.
C knipoeg.
D aandster. (1)

8.3.3 Die aandster kommunikeer met die mens.
Motiveer waarom die stelling WAAR is deur EEN woord uit strofe 1 aan te haal. (1)

8.3.4 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
(a) In strofe 1 kry ons die gevoel van (romanse/eensaamheid). (1)
(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.3.4 (a). (1)

8.3.5 Waarom, dink jy, het die spreker juis die aandster as beeld in hierdie gedig gebruik? (1)

8.3.6 Hoe weet ons dat die spreker en sy geliefde nie bymekaar is nie? Noem TWEE feite. (2)

8.3.7 Lees weer strofe 2.
Bespreek die kontras in hierdie strofe. Jy moet in jou antwoord na albei kante van die kontras verwys. (2)

8.3.8 Waarom, dink jy, beskryf die spreker aan sy geliefde hoe die briefie (boodskap) lyk? (1)

8.3.9 “Die boodskapper” is ŉ voorbeeld van ŉ vrye vers.
Gee EEN kenmerk van ŉ vrye vers wat in *Die boodskapper* voorkom. (1)

8.3.10 Waarom is die gebruik van die verkleiningsvorm “briefie” en “soentjie” so effektief? (Reël 13 en 14) (1)

8.3.11 Watter TWEE tegnieke word gebruik word om die “my” en die “jou” tipografies te beklemtoon? (2)

**OF**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## 8.4 KRISIS – Elisabeth Eybers

**Krisis – Elisabeth Eybers**

Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.
Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: Versamelde Gedigte. Human & Rousseau en Tafelberg, 1980.]

8.4.1 "Krisis" (Titel)
Waarna verwys die titel van hierdie gedig? (1)

8.4.2 "Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek," (Reël 1)

(a) Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (1)

(b) Haal DRIE woorde uit reël 1 aan om jou antwoord in VRAAG 8.4.2 (a) te bewys. (1)

(c) Wat is die funksie van die tipe spreker in VRAAG 8.4.2 (a)? (1)

8.4.3 Die spreker beleef innerlike konflik in hierdie gedig. Bespreek die spreker se innerlike konflik deur na TWEE sake te verwys. (2)

8.4.4 "Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek," (Reël 1)
Gee TWEE funksies van die aandagstreep in reël 1. (2)

8.4.5 Hou die hele gedig in gedagte.

(a) Haal TWEE aparte woorde aan wat daarop dui dat die spreker op 'n tyd die leiding van die hart geniet het. (2)

(b) Wat bedoel die spreker as sy sê dat sy van die hart wil afskeid neem? (1)

(c) Wat was die gevolge vir die hart omdat hy soos 'n lafaard opgetree het en nie besluite kon neem nie? Verduidelik jou antwoord met TWEE feite uit die gedig. (2)

8.4.6 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.4.6) neer.

"die seremoniemeester en die nar" (reël 10) is 'n voorbeeld van ...

A enjambement.
B vergelyking.
C metafoor.
D inversie. (1)

8.4.7 Lees weer reëls 6 tot 8.
Verduidelik die kontras wat in reëls 6-8 voorkom. (2)

8.4.8 "waar elke tree die laaste tree mag wees." (Reël 12)

(a) Waarna verwys die "laaste tree"? (1)

(b) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie stylfiguur word (eufemisme/hiperbool) genoem. (1)

**TOTAAL VRAAG 8: [35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: [70]**